

**25 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 55:1-24 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 55: 20 (NAV)**

**God wat regeer sal die goddelose tref wat ons nou so  
vertrap**

Dawid beskryf hoe sy goddelose vyande verraderlik teenoor hom optree. Hy kon hulle onreg en bedrog nie verduur nie. Hy voel hewig ontsteld en doodsbenoud. Hy wens hy was soos 'n duif wat van hierdie gevaar af kan wegvlieg na 'n veilige plek. Wat hy veral nie kon verwerk nie, is dat sy goeie vriend, 'n geloofsgenoot wat saam met hom na die tempel gegaan het, hom in die rug kon steek en verneder.

Dawid leer ons hier om op die Here te vertrou. Hy gaan met sy sorge na die Here in gebed. So word hy weer versterk in die wete dat God as Regeerder die onreg van die goddelose nie ongestraf sal laat nie. Hulle wat Hom nie wil dien nie en hulle nie bekeer nie, sal self verneder word as God oor hulle gaan oordeel.

Voel jy ontsteld en doodsbenoud as jy daaglik die geweld en onreg van die goddeloses beleef? Dalk was jy al 'n slagoffer van misdaad. Is jy al ooit deur 'n boesemvriend in die steek gelaat? Dalk een wat saam met jou in die gemeente is? Leer by Dawid: Die Here sal die regverdige nie in die steek laat nie (vs 23). Dink net hoe verraderlik Jesus behandel is – valslik beskuldig, deur 'n goeie vriend verloën, deur 'n ander een verrai. Hy het dit deurgemaak sodat ons vertoue op God nooit sal beskaam nie.

Ons Here het die bose oorwin. Hy regeer en gaan kom as die Regter om die goddeloses wat ons nou so vertrap, te oordeel.

*Sing: Psalm 99: 1, 2 ,4 (Totius)*

*Ds MAF Kruger (Springs)*